**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**

**NOTICE 3352 OF 2025**

## DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE GENERAL (FAMILY) LAWS AMENDMENT BILL, 2025

1. Notice is hereby given in terms of Rule 276(1)*(b)* of the Rules of the National Assembly that the Minister of Justice and Constitutional Development intends to introduce the General (Family) Laws Amendment Bill, 2025 (Bill), in the National Assembly shortly.

2. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 276(1)*(c)* of the Rules of the National Assembly.

3. The Bill seeks to amend the—

3.1 Divorce Act, 1979 (Act No. 70 of 1979), to provide for the consequential amendments of certain sections, arising from the amendments to the Mediation in Certain Divorce Matters Act, 1987, and to provide for the transfer of assets by a court granting a decree of divorce in respect of a marriage out of community of property to include a marriage entered into after the commencement of the Matrimonial Property Act, 1984;

3.2 Matrimonial Property Act, 1984 (Act No. 88 of 1984), to provide for the distribution of matrimonial property of a marriage out of community of property upon the dissolution of the marriage by death; and

3.3 Mediation in Certain Divorce Matters Act, 1987 (Act No. 24 of 1987), to provide for the functions of the Office of the Family Advocate, and to amend the long and short titles,

and to provide for matters connected therewith.

4. After introduction, a copy of the Bill can be found on the websites of the Parliamentary Monitoring Group at http://www.pmg.org.za and the Department of Justice and Constitutional Development at www.justice.gov.za and may also be obtained from the Government Printers: Cape Town (Telephone number: (021) 465-7531).

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

## KENNISGEWING 3352 VAN 2025

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP ALGEMENE (FAMILIE) REGSWYSIGINGS, 2025

1. Kragtens Reël 276(1)*(b)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling beoog om die Wysigingswetsontwerp op die Algemene (Familie) Regswysigings, 2025 (Wetsontwerp), eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)*(c)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp het ten doel om die—
3.1 Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979), te wysig ten einde vir konsekwente wysigings van sekere artikels voorsiening te maak, wat voortspruit uit die wysigings aan die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidings-aangeleenthede, 1987, en om voorsiening te maak vir die oordrag van bates deur 'n hof wat 'n egskeidingsbevel verleen ten opsigte van 'n huwelik buite gemeenskap van goed om 'n huwelik wat gesluit is na die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, in te sluit;
3.2 Wet op Huweliksgoedere, 1984 (Wet No. 88 van 1984), om voorsiening te maak vir die verdeling van huweliksgoedere van 'n huwelik buite gemeenskap van goed by ontbinding van die huwelik deur die dood; en
3.3 Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidings-aangeleenthede, 1987 (Wet No. 24 van 1987), om voorsiening te maak vir die funksies van die Kantoor van die Gesinsadvokaat, en om die lang en kort titel te wysig,
en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

4. Afskrifte van die Wetsontwerp kan, na indiening, op die webtuistes van die Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.pmg.org.za en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by www.justice.gov.za gevind word en kan ook verkry word van die Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnommer: (021) – 465 7531).

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za